Vaalpark Gemeente

Gebedsbulletin
No. 47 van 2022

20 November 2022

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Oppas dat stereotipes jou lewe oorneem

Iemand vertel nou die dag op ‘n openbare platform dat ’n bekende filmster arrogant is. Hierdie ster het geweier om met ’n jong meisie te praat, terwyl hy saam met iemand geëet het. Sy het ongevraagd afgestap op die ster en haar selfoonnommer in sy hand gestop. Hy wou egter nie haar selnommer aanvaar nie. Nou is daardie “Top Gunner” blykbaar ongeskik op grond van een insident. Toe ek dit lees, dink ek by myself dis presies hoe stereotipes gevorm word. ’n Enkele interaksie met iemand anders is genoeg om ’n permanente opinie oor hulle te vorm. ’n Studie oor stereotipes, wat ek een keer gelees het, het juis bevind ons vorm reeds tussen drie tot twintig sekondes ’n eerste opinie oor mense, een wat lewenslank vir of teen hulle kan tel.

Stereotipes, wat nie hokgeslaan word nie, verander spoedig in lewenslange vooroordele. Daarom skuld jy en ek ander mense gedurig ’n beter, tweede opinie. Ek bedoel hoe Jesus van ons verwag om na hulle te kyk. Hy verwag meer van ons as om mense in ‘n hoek vas te verf waaruit hulle nooit kan ontsnap nie. Hy vra van ons om ons negatiewe eerste indrukke altyd in die regte lig te sien - Syne! Ons mag nie mense omraam aan die hand van een skewe woord, een misstap, een fout, of een stukkie nalatigheid aan hulle kant nie. Ons skuld hulle altyd ’n tweede kans én ’n derde kans én selfs ’n twintigste kans. Hoekom? Want die Here begin elke dag oor en voor met ons. Hy hou nie gister en eergister se verkeerde dinge teen ons nie. Hy hou nie vir altyd boek van ons oortredings nie. Hy aanvaar ons elke keer onvoorwaardelik, omdat ons in Hom glo en vir Hom leef. Daarom doen ons dieselfde vir ander mense rondom ons. Ons hou hulle nooit gevange aan die hand van een of twee indrukke, wat ons voortydig oor hulle gevorm het nie, net soos wat die Here dit ook nie met ons doen nie.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Marinda Jordaan
Johan Kotzé
Ria Putter
Maria Steyn
Sampie Swart
Hanna Pienaar
Oom Eberhard Carshagen
Tannie Bets Coetzee
Annika Kilian
Lilian van Zyl
Lucinda Graaff
Martie van Staden
Gert Keulder
Louis Strauss
Ina van der Merwe
Jaap Naudé
Wally Fourie
Corrie Botha
Jaco Steenkamp
Piet Loggenberg
Lettie Bezuidenhout
Suzelle Barkhuizen
Oom Hannes & tannie Rina Loots
Tannie Petro Schneider
Wynand & Amerie Storm
Jan-Harm Pretorius
Tannie Hester Weldhagen
Louise Claasen
Heleen Jv Vuuren
Hannie Booysens
Mackenzie Roux
Lola Viljoen

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN

Gedagte vd week

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.